REISINDRUKKE

# „TWEE OREN OM TE HOREN..."

deur
PETER BLUM
Londen

## II.

AAN WAL STAP, OOSTENDE-TER-STREPE. Die toonbank in die doeanesaal is van marmer! Of dit van die beroemde Doornikse is weet ek nie („niet in de bouwkunst gekonfijt zijnde", om dit Afro-Nederlands te stel), maar dit is grys en dit is marmer, nie skulpieskalk nie, en dis 'n plesier vir vingertoppe om dit te streel: in Brittanje, waar egte marmer nie „groei" nie, word die Doornikse slegs deur handelsbanke gebruik vir die kosyn van hul hoofingang. Sy assosiasies is dus met „pitte in potte", en om dit vir so 'n lae instansie soos die doeane gebruik te sien is indrukwekkend en laat my besef dat Vlaandere vir 'n paar eeue die swierigste lewensstyl in Europa (buite Italië) gehad het, en dat die liefde vir kosbaarhede alle rampe oorlewe het. Die betekenis van „flamenco" in Spaans is nie beperk tot 'n dans nie, maar rangeer van „deftig" tot „buitensporig" met „swierig" moontlik as middelpunt: dié dans is inderdaad so swierig dat dit in ons kleinburgerlike tyd tot die Sigeuners beperk geraak het.

Agter die marmertoonbank staan 'n kort, donker Vlaminkie met ruie wenkbroue (ook die Spaanse bezetting werk blykbaar nog steeds geneties deur) - in uniform, maar met opgerolde moue. Dit is 'n goeie teken: wie moue oprol of das uittrek as dit warm is is klaarblyklik 'n goeie mens wat nie op sy waardigheid of amptelikheid staan nie - iemand wat hom by omstandighede aanpas en nie doelbewus ly en sy lyding op ander uithaal nie. Hierdie man se arms is oor sy bors gekruis, hy is op sy gemak: „Der Krieg ist weit in der Türkei." Saggies vra hy: „Anything to declare?" en herhaal dit in Frans en Duits. Ek skuif my koffertjie oor die toonbank (terwyl ek die marmer streel, Doorniks ofte niet) en sê, „Misschien toch wel - zult u zelf kijken?" Was dit my Nederlands of my milde skaapgesig wat sy vertroue wek? in ieder geval glimlag hy soet, „Neen, meneer, ik geloof niet - gaat u even door." Ek kon hom gesoen het!

By de kiosk in die stasiehal praat 'n ouerige man met die dame wat bedien. Dit is 'n sangerge intonase waarvan ek hoogstens elke derde woord snap - maar wat maak dit saak? wie „zoetgevooisd" is moet na geluister word, en van „veugelkens" verwag jy nie ook semantiek nie. As 'n mens dus Wes-Vlaams vergelyk met die skorre (vir my oor altans) standard-Nederlands, begryp jy hoe sterk die versoeking tot taalpartikularisme hier moet wees. Pseudowetenskaplike gedagtes kom by my op: hoe is dit dat „westelike" uitsprake in so baie lande soeter en sangeriger is as „oostelikes"? Dit kan die groeipunt wees van 'n nuwe fakulteit aan die Vergelykende Universiteit Luxemburg, t.w.: -

KOMPARATIEWE LINGOLARYNGOMETEOROLOGIE.

In Brittanje, Ierland, en die Iberiese skiereiland sou dit toegskryf kan word aan die Keltiese substratum van die bevolking: dit is opmerklik hoe Yorkshire (Germaans-knorrig) verskil van

Lancashire (Kelties-vleierig). As jy egter van Liverpool na Dublin seil sal jy in laasg. stad (hoewel dit verder wes is) weer die geknor hoor en besef dat Dublin 'n Deense stigting is waar tot die 19de eeu geen „egte'' Iere gewoon het nie, slegs Engelse en „Wes-Britte'' (d.w.s. verengelste Iere). Maar ry nou weswaarts en jy sal merk dat reeds by Mullingar 'n sangerigheid in die kies kruip, en na Athlone begin die mensdom te kwetter. (En in Iberië sê hul: „Katalonië blaf, Kastilië grom, maar Portugal miaoe''.)

Vir Duitsland geld hierdie reël ook (en Duitsland is juis die groot uitvindster van die pseudowetenskappe - van Marxisme tot Geopolitiek). Die meeste Duitsers bulder sonder dit te besef, maar heelwat erger in Berlyn as in Bocholt, erger in München as in Mannheim: slegs in die Rynland (so wil dit my voorkom) word normaal sag gepraat, en in Aachen hoor jy 'n tongval wat taamlik nasaleer en aan die einde van elke sin en sinsnede musikaal styg, sodat 'n betoog of lesing sag ontblaar tot 'n reeks beleefde vrae. Daar is natuurlik genoeg lande waar reël nie geld nie (veral diegenes wat „noord-suid'' gerangskik is soos Italië of Chile), sodat my nuwe Luxemburgse fakulteit nog heelwat navorsing sal moet doen. Een ding is onteenseglik: in die noordelike halfrond is weskuste feitlik deurgaans natter as ooskuste weens die hoër reënval: sou dit wees dat die vogtigheid in die lug 'n invloed het op die spraakorgane? hulle „mouilleer'' of „olie'', as 't ware? Hierop moet die ingolaryngometeorologie nog sy felle lig werp!

□

WEEREENS HOLLANDSE MANIERE. 'n Hollandse verskynsel wat die mensdom verbyster is sy onsinnig hoë geboortesyfer. Dit kom (soos apartheid in die verboerwoerde Suid-Afrika) 'n eeu of drie te laat. Het die Hollanders so 'n syfer gehad in die dae toe hul Australië ontdek het, sou dié vasteland vandag 'n goeie afsetgebied vir die Nederlandse boek en spekulaas wees. Maar destyds het die drang hom uitgelewe in die skilderkuns en die suiwelbedryf, met die gevolg dat Australië vandag vol kangoeroes en Angelsaksers sit wat hoogstens Engelse boeke en „shortbread'' konsumeer.

Wat my persoonlike verbasing wek is die eenvoudige (en tog wel praktiese) tegniek waarmee die Hollander sy kuise gade vang: die mooi ou woord vryage is skaars van toepassing. Waarvandaan my kennis? Uit die stad Utrecht, bekend vir sy aartsbiskoppe, Jaarbeurs, en Maliebaan: hy is o.a. die kleinste stad ter wêreld (250.000 inwoners) wat 'n afsonderlike museum vir moderne kuns besit. Ek was toevallig tydens die Jaarbeurs daar - met die doel om die ou stamgenote in 'n toestand van opgewektheid te bestudeer, kortom: op soek na rariteit. Een aand toe dit swoel en drukkend was het ek langs die grachte gewandel en uit 'n kelder op die kaai moderne dansmusiek („jive'') gehoor. Ek het nadergestap, 'n deur oopgestoot, en ingang betaal. Nadat my sintuie hul aangepas het by die bedompigheid en lawaai het ek omgekyk. Die kelder was 'n lang, smal, gewelfde tonnel (blykbaar 'n ou pakhuis), met „bar'' en

toilette links, en 'n podium met die orkes heel agter: klaustrofobies probeer ek om die besonderhede van E.A. Poe se „Vaatjie Amontillado" te onthou.

Langs die muur sit 'n paar meisies, goed maar nie formeel geklee, slegs twee met grimering en drie met sigarette. In die middeloop van die tonnel word daar ywerig „gerittel": ook die mans is deftig, lank, benerig, en uitdrukkingsloos. 'n Serieuse volk, selfs in hul uitspattings, selfs in hul jeug. Of die jeug „middelbaar" of „hoër" is kan ek nie besluit nie: vir my lyk alle Hollanders van 14 tot 64 middeljarig. Ek vir hulle waarskynlik soos die Ewige Kind.

Ek bied vir die dametjie langs my 'n sigaret aan: sy weier, sonder glimlag. By die kroeg en 'n pils of limonade is dit dieselfde. Wat is tog die towerwoord wat hierdie stroewe geeste laat ontdooi? Die orkes rus en vee hul breë gesigte. Wanneer die volgende nommer begin, besluit ek, sal ek sorgvuldig dophou hoe die mans die meisies aanspreek, wat die formules van hul courtoisie is.

Daar begin hul! Die dametjie langs my sit regop en verwagtend (nie in die biologiese sin nie). Ek hou haar sorgvuldig dop, want sy is nie lelik nie. Hier kom 'n kêrel die tonnel afgeseil en peil op my dopgehoude skoonheid af. Met aangehoue asem wag ek vir die vleiende glimlag, die flink verbuiging, die dankbaar-responsiewe knik en opstaan. Maar moenie glo nie! My Hollander kom voor die meisie te staan (ook weer nie in 'n biologiese sin nie), ruk sy sterk onderkaak suidooswaarts om die vloervlaktetjie aan te dui waarop hy meen om met haar te dans (sy hare waai vir 'n sekonde hings-agtig agteroor) en sê hard en peremptories, „Juffra-aa-au-uw!"

Ek het my reggemaak om 'n pragtige oorveeg te aanskou. Maar niks van dié aard gebeur nie: ewe inskiklik staan sy op, skuif haar kougom van haar linkertande na haar regter, knik... en gly in sie arms in. Ek sie hoe ander mans dieselfde taktiek gebruik, en met ewe veel welslae. Merkwaardig! en paartjies wat op dié manier geleer het om in mekaar se arms te beweeg trou later, maak meubels bymekaar, maak drie... ses... nege kinders, en... seil na Australië of Kanada of (die mees onrealistieses) na Suid-Afrika om meer speelruimte te kry vir hul 3... 6...9... of wat ook al. Ek wonder hoe lank dit op daardie skaal kan aangaan, maar admireer ook die skone eenvoud van die voorspel tot dit alles.

Filosofies-kopskuddend stap ek uit, na buite, na die relatief varse lug van die nou, stagnante gracht. Die twee ouerige dames wat my die ingangskaartjie verkoop het is onthuts: 'n man wat nie wil vat waarvoor hy betaal het nie? ongelooflik! Die een vra, half-vererg, half-meewarig: „Wat mankeert u toch, meneer? Bent u niet vrolijk?" En ek (nie juis meewarig nie maar in my beste „Hoog-Hollands"): „Nei - en jullie span verdomp ook niet!"

□

„ER IS MAAR EEN NEDERLAND". Die eerste woord wat ek in die Hoek van Holland gehoor het, uit die mond van 'n seeman wat 'n gangplank regskuif vir transkanaliese reisigers is, „Godverdomme". Die eerste Nederlandse woord wat ek in Oostende te hore kry, uit die mond van 'n seevaarder wat begin om die veerboot se koperwerk te poleer, is „Godverdomme!" Siet u nou wat ek bedoel met die woord „kultuureenheid"?

Hierna loop die spoor egter uiteen. Terwyl die trein na Rotterdam deur voorstede loop en volsit met terneergedrukte, mismoedige stadswerkers, begin agter Oostende die platteland, en is my treingenote merendeels Britte op pad na Luxemburg en die Ardenne, Bruggenaars en Gentenaars wat 'n dag by die see geniet het, 'n boerken of twee op geheimsinnige sendings (want die trein hou nie meer by die dorpies stil nie), en 'n seun wat koffie in halfpispotgrote koppies verkoop, asook hespbroodjies, hoewel hy Schinken, jambon, hem, en ham verstaan. En ik hem ook.

Die bome leun sterk ooswaarts asof hul na Brussel wil marsjeer om vir hul ruistaalregte te demonstreer (pasop! dit sal weer 'n verpletterde kuiken of twee afgee), maar ek laat my vertel dis weens die voorheersende westewind. Wat huis is is van rooi baksteen, behalwe die boodskappe in wit kalk of verf: „Neen, Theo, neen!, geen Annextasie!, of Geen Anslussch!" Die een boerken staan in die gangetjie asof hy vrees hy sal luxusliewend raak as hy sit. Hy dra 'n pak van ligte stof, 'n pet ook so beigerig, werkskoene, en 'n rooi nekdoek - Wilde Weste op

zijn Vlaams. Sy gesig lyk verkreukel en bekommerd, asof hy die hele nag daarin geslaap het.

Op die land is daar geen masjiene te sien nie, mense wel - veral vrouens in blou, met kopdoeke van diselfde kleur. Hulle buk, party kniel selfs - hier en daar 'n knielende man. Wat maak hul tog? Die betrokke nutplant lyk sterk na raap of beet. Ek vermoed hulle haal die rape uit die grond, toets hul vir gesondheidstoestand, ontsmet hul, luister na hul sapkloppens met die stetoskoop, en plaas hul dan weer terug in die grond. Alles baie „oer": slegs die perde is groot en ruig, en kaneelbruin met 'n skemering van pienk.

Brugge lê regs van, en onderkant, die spoor, sy veelgekiekte geboue klein en speelgoedagtig op hierdie afstand. Op die perron 'n paar kruiers wat gesels maar nie kruie nie. By Aalter was daar 'n château in neoklassieke styl (as ek reg onthou), verder huisegroepe wat nie die naam van dorpie verdien nie. Gent St. Pieters - van die stad is niks te sien nie: hy lê 'n myl of wat verder noord. Nou maak die spoor 'n wye draai deur die buitewyke van Brussel wat hom te kenne aanbied met twee monstrositeite: die Atomium en die Justisiepaleis. Ander monstrositeite het hy ook: die Basiliek (basilisk?) van Koekelberg wa die een op Montmartre sonder welslae naywer (en die enigste verskoning vir laasg. is die feit dat hy in verskeie Utrillo-skilderye voorkom), die wolkekrabbers van die Cité Administrative, en die Musée Wiertz in die Leopoldskwartier waarvan 'n mens die inhoud gerus na Leopoldstad (Congo) kan stuur en aan die luiperdmanne skenk. Ek begryp al hoe minder waarvoor die Vlaminge Brussel wil hê: al wat vir my kosbaar is is die inhoud van die 3 kunsmuseums, die Erasmushuis in Anderlecht, en die stoflike oorskot van Pieter Bruegel (de Oude alleen: sy seuns kan in Brussel bly).

En nou onthou ek: op die land het ek ook rooikool en spruitkool gesien, in die restaurants later nooit weer nie. 'n Skandaal! want laasg. word in Engels „Brussels sprouts" genoem en behoort dus as nasionale simbool orals verkrybaar te wees. Die rooikool word vermoedelik na Duitsland uitgevoer, waar mense meer gesteld is op kos. Slegs pannekoeke is redelik maklik te kry: hulle verskil heel weinig van Afro-Dietse pannekoeke, behalwe dat hul nie altyd van kaneel drup nie en dikwels konfyt toedraai.

□

HOE GODSDIENSTIG IS VLAANDERE? skryf 'n vriend aan my, „Soos hy voorgestel word, of meer? of minder?" Vriend, skryf ek terug, Vlaandere is nog baie meer godsdienstig as wat die buiteland hoop of vrees. Die laaste voorstadstasie van Antwerpen (as jy uit Brussel kom) heet Oude God; vir dié wat die Jonge verkies is daar 'n Jezusstraat in die stad; donker bier heet „Trappist"; jy sal lekker eet by die Café het Heilig Huis in die Sint-Jacobsstraat; en vlak by die suidingang van die O.L.V.-kerk („Katedraal") pryk daar 'n urinaal in Oud-Frankiese styl waar 'n man se stewels onder nog sigbaar is, en sy kop bo ook, sodat almal kan sien of hy sy hoed afhaal of nie. Ja, vlak by die ingang links. As dit nie bewys hoe druk en dringend dié kerk besoek word, weet ek wragtig nie wat dit bewys nie.

Dit is egter nie die enigste rede waarom Antwerpen die gerieflikste stad in Europa is nie. (Die ongerieflikste is seker Amsterdam.) Om mee te begin is sy ou middestad halfmaanvormig, met sy reguit lyn langs die Schelde en sy „ronding" as 'n reeks boulevards („leie") waar trems loop, bome staan, en die verkeer aanstroom, sodat die nouer strate aan die binnekant minder gevaarlik is vir voetgangers as in die meeste ander stede; verder is feitlik alle aantrekking vir die toeris binne die halfmaan geleë - soos in Keulen, maar op 'n kleiner, mensliker skaal; en die hoofwinkelstraat (wat sy naam elke derde blok verander, o.a. De Meir en De Keyzerlei) sny die halfmaan horisontaal middeldeur: hy loop van die Centraalstation na die vasmeerplek van die rivierbote.

Die Centraalstation, waar elke fatsoenlike mens aankom, (ek weet nie van die ander nie), okkupeer die suidekant van die Koningin-Astridplein; alle landbusse vertrek van hom; die meeste hotels kyk uit op hom; en die Dieretuin lê vlak regs van hom: die oostelikste perron grens inderdaad aan die rotslandskap van die moeflon en dié van die Noordafrikaanse horingskaap. Beide dieresoorte skud hul koppe as 'n trein laat in- of uittrek, en soms by ander geleenthede ook - maar goddank nie oor my of jou nie, want hulle woon nou reeds enkele jare in Vlaandere en is dus te hoflik. Buitendien is die treindienste knap en vertragings seldsaam.

(Word vervolg. Oortreders ook.)